NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP VRYDAG, 5 AUGUSTUS 2011 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdh N J A Rust
Ondervoorsitter, rdl M Van Zyl

Abrahams, M Z	Stemele O M
Geel, B W	Van der Westhuizen, R F
Goliath, M S I	Wilskut, W
Hunsinger, C H H	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die Voorsitter heet almal welkom en rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan alle nuwe raadslede. Rdl M Van Zyl open die vergadering met gebed.

2. NOTULES

Geen

3. AFVAARDIGINGS/OORHANDIGINGS/VOORLEGGINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT

Dat kennis geneem word van skrywes van dank en waardering ontvang gedurende die afgelope maand.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE

5.1.1 FINANSIËLE DIENSTE MAANDVERSLAG (JUNIE 2011)

BESLUIT/…

5.1/…

BESLUIT
(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdl M Van Zyl)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir Junie 2011.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) N J A RUST
VOORSITTER

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl O M Stemele
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Abrahams, M Z	Papers, H
Fortuin, C	Rust, N J A
Goliath, M S I	Van der Merwe, J I
Johnson, A	Van Zyl, M
McKrieling, H	Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die Voorsitter heet almal welkom. Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl D B Philander.

2. NOTULES

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE - MAANDVERSLAG (JUNIE 2011)
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE - MAANDVERSLAG (JUNIE 2011)

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdh A Johnson)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Junie 2011.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1/…..

6.1 HEFFINGS VIR DIE BEHANDELING VAN NYWERHEIDSAFLOOP (16/3/1/4)

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M S I Goliath)

Dat die item teruggetrek word om meer inligting te bekom en daarna aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word.

(GET) OM STEMELE
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl W Wilskut

Geel, B W	Sedeman, A C
Goliath, M S I	Sneewe, A M
Hunsinger, C H H	Stanley, B J
Johnson, A	Van der Merwe, J I
Papers, C H	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die Voorsitter heet almal hartlik welkom. Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle D B Philander en H McKrieling.

2. NOTULES

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE

5.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE - MAANDVERSLAG (JUNIE 2011)
5.1.2 MUNISIPALE POLISIEDIENSTE - MAANDVERSLAG (JUNIE 2011)
5.1.3 BRANDBESTRYDING - MAANDVERSLAG (JUNIE 2011)

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Ontwikkelingsdienste en die Direktoraat Beskermingsdienste vir Junie 2011.

6./...

6. **SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

6.1 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 5610, MALMESBURY (15/3/3-8) (WYK 8)

'n Aansoek is ontvang namens die geregistreerde eienaar, Dupan Verwe CC vir die hersonering van erf 5610 (groot 1453m²) geleë te Loedolfstraat, Malmesbury vanaf ligte-nywerheidsone na sakesone ten einde 'n sakegebou bestaande uit 4 winkels op te rig.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

A Dat die aansoek om hersonering van erf 5610 (groot 1453m²) geleë te Loedolfstraat, Malmesbury vanaf ligtenywerheidsone na sakesone ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER
(a) dat die bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

(b) dat ten minste 6 op-perseel parkeerplekke, asook 'n laaisone voorsien word in oorleg met paragraaf A4(a);

(c) dat die nodige aansoek om advertensietekens te vertoon aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word vir oorweging;

A2 WATER
(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL
(a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 STRATE EN STORMWATER
(a) dat die voorgestelde parkeerarea van 'n permanente oppervlakte voorsien word, hetsy van teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke en laaisone duidelik gemerk word;

A5 ELEKTRISITEIT
(a) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir alle kostes indien die elektriese toevoer na erf 5610 verander moet word;

A6 VULLISVERWYDERING
(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke besigheid gehef word en dat die tarief aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

(b) dat 'n vullisarea voorsien word wat maklik toeganglik moet wees vir vullisverwyderingswerkers, maar ontoeganglik vir ongewenste elemente (mens en dier);

(c) dat die vullisarea voorsien moet wees van lopende water en 'n vuilwater afloopput wat aan die rioolstelsel gekoppel moet wees;

6.2 AFWYKING ERF 2791, MALMESBURY (15/4/2-8) (WYK 10)
[Mnr J J Scholtz word van die vergadering verskoon vir die duur van die bespreking van die item.]

'n Bouplanaansoek is ontvang namens die geregistreerde eienaar mnr J J Scholtz op erf 2791 op die h/v De Kockstraat en Voortrekkerweg, Malmesbury. Die omskepping van 'n bestaande motorafdak na 'n motorhuis word voorgestel.

6.2/...

Die voorgestelde motorhuis oorskry die 5m straatboulyn (De Kockstraat) tot op ±2,5m.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die aansoek om afwyking op erf 2791, Malmesbury ten einde af te wyk van die 5m straatboulyn (De Kockstraat) na ±2,5m vir die oprigting van 'n motorhuis, in terme van artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word.

6.3 VOORGESTELDE HERSONERING VAN GEDEELTES VAN ERWE 261, 227 EN 23, RIEBEEK-WES (15/3/3-12) (WYK 3)

Die opgradering van Waterkantstraat en Kachelhoffstraat, Riebeek-Wes is reeds deur die Raad goedgekeur.

Ten einde Waterkantstraat en Kachelhoffstraat prakties en sinvol te kan ontwerp en bou, moet gedeeltes van die aanliggende erwe tot die straat deel vorm van die straatverbreding.

Hierdie aansoek het ten doel om die grondgebruiksaksies van die betrokke gedeeltes van die aanliggende erwe, soos benodig vir die bou van Waterkantstraat en Kachelhoffstraat, te finaliseer.

Die administratiewe aksies rakende die vervreemding en vergoeding van die gedeeltes is reeds met die betrokke eienaars onderhandel.

Dus word aansoek gedoen deur Swartland Munisipaliteit vir die hersonering van gedeeltes van erf 261 (±4m²), erf 227 (±13m²) en erf 23 (±13m²), Riebeek-Wes vanaf residensiële sone I na vervoersone II (openbare pad).

AANBEVELING
(op voorstel van rdl W Wilskut, gesekondeer deur rdl M S I Goliath)

Dat die hersonering van gedeeltes van erf 261 (groot ±4m²), erf 227 (groot ±13m²) en erf 23 (groot ±13m²), Riebeek-Wes vanaf residensiële sone I na vervoersone II (openbare pad) ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word.

6.4 AFWYKING ERF 760, DARLING (15/4/2-3) (WYK 5)

'n Bouplanaansoek is ontvang van die geregistreerde eienaars, mnr H & A Lewis vir aanbouings aan die bestaande woonhuis op erf 760, Eerstelaan, Darling. 'n Motorafdak, prieël, vergroting van 'n eetkamer en 'n onderdak stoep word voorgestel.

Die voorgestelde onderdak stoep asook die vergroting van die eetkamer oorskry die 4m straatboulyn tot op ±2,5m onderskeidelik.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

Dat die aansoek om afwyking op erf 760, Darling ten einde af te wyk van die 4m straatboulyn na ±2,5m vir onderskeidelik die oprigting van 'n onderdak stoep en die vergroting van 'n eetkamer in terme van artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 afgekeur word vir die volgende redes:

(a) daar is tans geen ander straatboulyn oorskrydings aangrensend/omliggend tot erf 760 nie. Dus sal daar 'n presedent geskep word;

(b) daar is voldoende spasie op die perseel sodat bouwerke beplan en ontwerp kan word om aan die boulyne te voldoen. Sodoende word daar steeds voldoen aan die aansoeker se behoeftes vir 'n onderdak stoep en die vergroting van die eetkamer;

(c) dat die volgende voorwaarde opgelê word ten opsigte van hierdie aansoek:

6.4(c)/...

- dat die bestaande ongemagtigde onderdak stoep gewysig word om aan die 4m straatboulyn te voldoen.

6.5 AFWYKING ERF 1995, YZERFONTEIN (15/4/2-14) (WYK 5)

'n Bouplanaansoek is ontvang van die geregistreerde eienaar, mnr C Raath vir die oprigting van 'n motorafdak op erf 1995, geleë te F Duckittstraat, Yzerfontein. Die voorgestelde motorafdak oorskry die 4m straatboulyn tot op ±0,96m.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdh A Johnson)

Dat die aansoek om afwyking op erf 1995, Yzerfontein ten einde af te wyk van die 4m straatboulyn na ±0,96m ten einde 'n motorafdak op te rig, in terme van artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word.

6.6 SWARTLAND MUNISIPALE POLISIEDIENS: KWARTAALVERSLAG: APRIL - JUNIE 2011 (7/1/2/2-3)

Die verslag is vir die periode April tot Junie 2011 en is opgestel ooreenkomstig Regulasie 7 van die Regulasies vir Munisipale Polisiedienste soos afgekondig in terme van artikel 64P van die Wet op Suid-Afrikaanse Polisiediens, Wet 68 van 1995.

BESLUIT
(op voorstel van rdl W Wilskut, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

Dat die kwartaalverslag van die Swartland Munisipale Polisiediens vir April tot Junie 2011 goedgekeur word.

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER